

Publication: Volksblad-Daily (Sport)
Publication Date: 05 Apr 2017
Page: 14

AVE: 27515.49
Circulation: 15314
Part: 1 of 1

# Sterk GW-span wag op Bokkies

**Owen Kock**



Die flank Hendre Stassen speel vandag slot in die Jong Bokkies se oefenwedstryd teen Griekwas. Foto: GALLO IMAGES

Die Junior Bokkies draf met so te sê 'n nuwe rugbyspan op in hul oefenwedstryd teen die Griekwas vandag in Kimberley.

Chean Roux, die afrigter, het die veranderinge gemaak om al die spelers in die groep te betrek.

Altesaam 13 veranderinge is gemaak aan die beginspan wat in die eerste oefenwedstryd teen die Griffons gespeel het. Dit sluit drie posisionele skuiwe in.

Die losskakel Benhard Janse van Rensburg en flank Nama Xaba is die enigste spelers wat behou is.

Die kaptein en slot in die eerste wedstryd, Salmaan Moerat, skuif van vyf- na vierslot. Hendre Stassen, wat flank teen die Griffons gespeel het, is Moerat se slotmaat, terwyl een van verlede week se driedrukkers, Mfundo Ndhlovu, van regter- na linkervleuel skuif.

Die veelsydige agterspeler Manie Libbok wat Maandag nog in die halfeindstryd van die Varsitybeker-reeks vir Tuks teen die Shimlas gespeel het, is die regtervleuel.

Die opwindende Suid-Afrikaanse Skole-skrumskakel Embrose Papier is onder die plaasvervangers.

Die losskakel Damian Willemse, wat al vir die Stormers gespeel het, is ook 'n plaasvervanger.

Roux sê die veranderinge is gemaak om te sien waartoe sy spelers in staat is teen 'n sterk Griekwas-span.

"Ons het gewerk aan die paar verdedigingsglipse teen die Griffons en dit sal goed wees om te sien of ons daarop kan verbeter.

"Ons wil ook kyk of daar 'n verbetering is in die skrums en lynstane waarmee ons ook nie tevrede was nie," sê Roux.

Die Bokkies het die Griffons verlede Vrydag in Welkom met 24-20 geklop.

Hulle kan heelwat beter teenstand in Kimberley verwag. Peter Engledow, die Griekwas se breier, het 'n bielie van 'n span gekies.

Die heelagter AJ Coertzen voer die span aan in die afwesigheid van sy gereelde kaptein en flank RJ Liebenberg, wat van vermoedelik 'n epileptiese aanval herstel.

Die tuisspan se troefkaart is egter sy losskakel George Whitehead, wat spel met sy skopskoen kan dikteer.

Die stut Nicolaas Oosthuizen, wat verlede week nog vir die Madibaz in die Varsitybeker-reeks gespeel het, kan sy buiging vir die Poubloues maak.

Hy het Maandag by hulle aangesluit en volgens Engledow tydens hul oefening beïndruk. Hy is 'n plaasvervanger.

"Dit is ons laaste oefenwedstryd en die spelers speel vir plekke in die span vir die eerste wedstryd van die Super-Sport-uitdaagreeks teen die Haaie in Durban," sê Engledow.

Die Griekwas is pas terug van 'n toer van KwaZulu-Natal waar hulle die Haaie se o.21's en uitdaagreeksspan met onderskeidelik 35-10 en 15-7 geklop het.

■ **Spanne:**

**Griekwas:** AJ Coertzen (k), Alvin Brandt, Tertius Kruger, Johnathan Francke, Enver Brandt, George Whitehead, Christiaan Meyer, Jason Fraser, Sias Koen, Wendal Wehr, Pieter van Vuuren, Shaun McDonald, Ewald van der Westhuizen, AJ le Roux, Liam Hendricks. PLAASVERVANGERS: Marius Fourie, Devon Martinus, Nicolaas Oosthuizen, Jonathan Janse van Rensburg, De Wet Kruger, Renier Botha, André Swarts, Eric Zana.

**Jong Bokkies:** Jean-Luc Cilliers, Manie Libbok, Wandisile Simelane, David Brits, Mfundo Ndhlovu, Benhard Janse van Rensburg, Jondrè Williams, Juarno Augustus, Muller Uys, Nama Xaba, Hendre Stassen, Salmaan Moerat, Carlu Sadie, Johan Grobbelaar, (k) Gerhard Steenekamp. PLAASVERVANGERS: Wikus Groenewald, Lee-Marvin Mazibuko, Mamus van der Merwe, Reinhard Nothnagel/Ruben de Villiers, Len Massyn, Embrose Papier, Damian Willemse, Wayne van der Bank.

**Skeidsregter:** Jaco van Heerden.

**Afskop:** 18:00.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.